# Stelsels vir die uitgroei van Boerbok-vervangingsooie

*Deur Kobus du Plessis, veekundige, Feedtek*

Een van die belangrikste aspekte van 'n stoet- of kommersiële veeboerdery is die vroulike aanteeldiere, en veral jong vervangingsdiere. Dit is aangesien daar van die volgende generasie kuddediere verwag word om toenemend beter te presteer as die bestaande aanteeldiere. Boerbokke is geen uitsondering op hierdie beginsel nie.

Daar bestaan egter dikwels onsekerheid rakende die mees produktiewe en ekonomiese wyse om hierdie waardevolle diere te laat uitgroei. Drie basiese stelsels kan hiervoor oorweeg word, naamlik ekstensief, intensief en semi-intensief. Uiteindelik moet die produktiwiteit en ekonomie van elke stelsel geëvalueer word om te bepaal wat die korrekte stelsel vir die betrokke boerdery is.

Voeding, genetika en die omgewing waarin diere hulself bevind, is drie belangrike faktore wat die uitgroei van vervangingsooie beïnvloed. Voeding is egter die mees aanpasbare faset en is derhalwe die fokus van hierdie artikel.

## Belangrike beginsels van uitgroei

Die gebruik van 'n wetenskaplik gebalanseerde kruipvoer is uiters belangrik om jongooie se rumenontwikkeling maksimaal te stimuleer en sodoende die aanpassing van melk na 'n ruvoerrantsoen te vergemaklik. Die pasgespeende jongooi weeg ook tipies swaarder indien sy kruipvoer ontvang het, wat die naspeense uitgroeiproses 'n stewige basis gee.

'n Gespeende jongooi het baie spesifieke en hoë voedingsbehoeftes, en ervaar baie spanning direk na speen. Haar rumenomgewing moet ook finaal by ruvoergebaseerde voere aanpas, sodat sy so gou as moontlik kan begin gewig aansit en ontwikkel. Liggaamsmassa is een van die beste aanduiders van geslagsgereedheid. 'n Jong Boerbokooi is eers op 38 tot 42kg (60 tot 65% van volwasse massa) gereed om na die ram te gaan.

Jongooie benodig genoegsame energie, natuurlike proteïen en gehalte ruvoer om hierdie mikpunte so gou en so ekonomies as moontlik te bereik. Moet ook nie die invloed van aanvullende makro- en mikrominerale op veral vrugbaarheid en gesondheid buite rekening laat nie.

## Stelsels vir uitgroei

Die gepaste uitgroeistelsel word hoofsaaklik deur die hoeveelheid en gehalte van beskikbare weidings/ruvoer bepaal. Sekondêre faktore wat die besluit gaan beïnvloed, is beskikbare tydperk, koste, en die doeltreffendheid van produksieparameters. Hoe meer intensief die stelsel, hoe meer word uit die sak gevoer en hoe duurder is dit, maar die voertydperk verminder en produksiemaatstawwe verbeter (*Tabel 1*).

In ekstensiewe uitgroeistelsels ontvang die ooi haar voedingstowwe hoofsaaklik vanuit beskikbare veldweiding en is die fokus dus op seisoenale lekaanvulling van tekorte in die veld. Droë winterveld, byvoorbeeld, bevat gewoonlik laer vlakke van beskikbare voedingstowwe soos energie en proteïen, en dus word meer aanvulling benodig om daaglikse groeitempo's te handhaaf.

In semi-intensiewe stelsels word meer voer aangevul vir vinniger resultate, of om swak of min weidings aan te vul. In intensiewe stelsels is geen weiding of ruvoer beskikbaar nie en moet ruvoer self geproduseer of aangekoop word. In intensiewe stelsels word 'n volvoerrantsoen wat aan al die ooi se voedingsbehoeftes voldoen, verskaf. Gebalanseerde voeding speel dus 'n belangrike rol, terwyl dieregesondheid se rol ook belangrik is vanweë die hoër populasiedruk op 'n kleiner oppervlakte.



*Goeie seleksie sal aan jou gehalte vervangingsooie besorg wat jou kudde geneties sal laat vorder. Die regte voeding en stelsel vir die uitgroei van hierdie jongooie, sal verseker dat hulle hul volle potensiaal so gou en so ekonomies as moontlik bereik.*

## Beskou die geheelbeeld

Dit is belangrik om na die volledige prentjie te kyk voordat daar op 'n stelsel besluit

**Tabel 1: Vergelyking van verskillende stelsels vir die uitgroei van jong Boerbokooie.**

| | Ekstensief | Semi-intensief | Intensief |
|---|---|---|---|
| Ouderdom by ram | 14 tot 16 maande | 11 tot 13 maande | 8 tot 10 maande |
| GDT (geboorte tot paring) | 50 tot 70g/dag | 80 tot 100g/dag | 140 tot 160g/dag |
| Mortaliteite (na speen) | 5% | 2% | 1% |
| Voedingsbehoefte (daagliks per ooi) | Weiding (somer- of winterlek teen 0,35% van LM) | Weiding/ruvoer (aanvulling teen 1,25% van LM) | *Ad lib* volvoer (3 tot 3,5% van LM) |
| Moontlike lampersentasie | 90% | 120% | 180% |

**Liggaamsmassa = LM. Gemiddelde daaglikse toename = GDT.*
*Aannames: Geboortemassa = ±3,5kg, speenmassa = ±20kg op drie maande, ooie by ram op ±40kg lewende massa.*

word. Elke stelsel verg verskillende vlakke van bestuursinsette en koste.

Ekstensiewe stelsels hou meer risiko's vir vrektes in weens roofdiere, siektes op veld en veediefstal. Die groeitempo van die ooi is laer, maar minder bestuursinsette en uitgawes is nodig. Intensiewe stelsels het 'n hoë insetkoste en bestuursbehoefte, maar kan meer winsgewend wees as gevolg van die hoër produktiwiteit. Intensiewe stelsels laat egter geen kortpaaie toe nie.

Die data in *Tabel 1* stel dit in perspektief. Met die intensiewe stelsel kan verwag word dat ooie vinniger gewig aansit en paargereedheid bereik, en dus gouer hul potensiaal bereik. Die waarskynlikheid vir besetting en meer lammers is hoër, en die risiko vir vrektes laer. Seleksie van beter ooie en die verkoop van afgekeurde ooie vind gouer plaas, omdat ooie klaar uitgegroei is. Nadele is die hoë insette en die kans dat die ooie minder gehard is.

Met semi-intensiewe en ekstensiewe stelsels neem hierdie produksieverwagtinge stelselmatig af, maar die finansiële druk is ook laer en, indien dit goed bestuur en aanvullings korrek saamgestel word, kan die resultate baie nader aan dié van intensiewe stelsels kom.

## Wat jy insit ...

Dit is baie belangrik om te onthou dat genetiese vordering en die regte voeding 'n reuse-verskil in die gehalte van jou vervangingsooie maak. Die ou sêding, 'Wat jy insit sal jy uitkry', is in hierdie geval baie waar en sal duidelik waargeneem word in die deurdagte uitgroei van vervangingsooie. Boerbokprodusente moet dus daarna streef om meer produktiewe ooie te produseer, wat uiteindelik tot lang-termyn finansiële sukses sal lei. VP

Vir meer inligting, kontak die outeur by kobus@feedtek.co.za of besoek ons webtuiste by *www.feedtek.co.za*

